

25 Junie

Skriflesing: 2 Konings 6:1-7

Fokusgedeelte: 2 Konings 6:5

Die Here is ook betrokke by jou klein daaglikse probleempies

'n Verrassende kontras word in hierdie kort perikoop sigbaar. Terwyl Isébel alles in haar vermoë doen om die profete van die Here uit te roei, moet hierdie groep profete hout gaan kap om hulle vergaderlokaal groter te maak. Die plek waar hulle van Elisa onderrig ontvang het, het te klein geword!

Alles gaan goed, totdat een van die profete se geleende byl in die water val, met die verleentheid wat met so 'n verlies gepaard gaan. Die man wend hom tot Elisa, die man van God. Inderdaad, Elisa ontvang van die Here die genade om 'n wonderwerk direk in stryd met die wet van swaartekrag te verrig. Die byl dryf op die water!

Hierdie man se klein moeilikheidjie was vir die Here belangrik genoeg om hulp te verleen. Is dit nie ook vir jou vertroostend om te weet dat jou soortgelyke klein probleempies nie deur die Here as "onbelangrik" afgemaak word nie? *Dit is trouens die boodskap van hierdie kort verhaal: dat die Here Hom in liefde laat vind deur diegene wat Hom in opregtheid soek.* Ten spyte van Isébel se pogings om vreemde gode in te voer en Israel tot "algemene godsdienstigheid" te verlei, gaan die Here voort om die "gelowige res" te versorg.

Soos die profete wat gaan hout kap het, leef ook óns in 'n tyd van vreemde gode en onheilige kompromieë met die sondige wêreld. Mense ontdek met skok dat daar ook iets soos verbondswraak is en dat die Here mense oor hulle sondige optrede tot verantwoording roep.

Nogtans is daar vir jou wat getrou bly aan die Verbond altyd troos. Die geskiedenis van die drywende byl het dit weer vir jou bevestig dat die Here die "getroue res" nooit verlaat nie. Hy maak tot die einde toe van jou 'n oorwinnaar. Nie net in jou konflik met die vreemde gode nie, maar ook wanneer jou verleë is oor iets so klein soos 'n verlore, geleende byl!

Sing: Skrifberyming 43:1,4 Ds JJ Cloete (Koster)